

## 29 Junie Nehemia 1:1-11

### ***God bou 'n verootmoedigende mens op***

Dit is so maklik om met die dinge van die Here besig te wees dat ek nie by die Here van die dinge uitkom nie. So het dit met die volk gegaan. Hulle het wel na die ballingskap na Jerusalem teruggekeer, maar nie met hul harte na die Here teruggekeer nie. God wil ons harte hê.

Nehemia hoor hoe sleg dit geestelik met die volk gaan. Dit dwing hom tot berou en belydenis van sy sondes, dié van sy familie en dié van sy volk. Die pad van geestelike groei terug na God begin by sondebeseft, berou en belydenis. Die pad na 'n intieme verhouding met God begin deur na Hom te draai in gebed. Nehemia roep God aan op grond van sy verbond, sy grootheid en troue liefde. Uit genade kan ek my voor God verootmoedig.

Is daar 'n intieme verhouding, 'n naby verhouding tussen my en God? Watter sondes is daar in my lewe wat afstand tussen my en God bring? Hoe lyk my gesin se geestelike lewens? Ons familie s'n? Ons gemeente s'n? Oor hierdie vrae moet ons daaglik biddend besin. Biddend, sodat die Heilige Gees my kan oortuig van sonde en kan lei tot verootmoediging. Spreuke 28:13 stel die krag van sondebelydenis duidelik: "Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang."

In Psalm 51:19 belowe die Here dat Hy nie 'n hart vol ootmoed en berou gering sal ag nie. Ek kan na my Vader gaan met al my gebreke, my sondes, my nood. Sy liefde en beloftes staan vas in Jesus Christus.

*Ons Vader, ons bely voor U al die kere wat ons U liefde met haat en ongehoorsaamheid beantwoord het. Ons bely dat ons so met ons eie dinge besig is, dat ons van U afdwaal. Sien ons ootmoed en berou raak, en vergewe ons in Jesus se Naam.*

Sing Psalm 86:1,2,6

Ds. J.P. van der Walt (Durban)